

**Sing vooraf staande: Psalm 89:10, 12 (p. 446)**

- 10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidster bly.  
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.  
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë.
- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.  
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,  
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 47:1, 2 (p. 240)**

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 2 God die HEER so groot, het sy arm ontbloot; / hul wat ons omring, het Hy saamgebring  
dat hul trotse nek ons tot voetbank strek. / Hy, die sterke God, kies vir ons ons lot:  
Jakobs pronkjuweel, Kana'n, word ons deel. / Dit is aan sy kneg gunstig toegeseg.

**Gebed**

**Psalm 48:4, 5 (p. 245)**

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

**Skriflesing:** Johannes 10:1-30; Romeine 10:14-17;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 27

**Kernvers:** Johannes 10:14-16; Romeine 10:17

**Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder.**

(Johannes 10:14-16 AFR83)

**Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.**

(Romeine 10:17 AFR83)

## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 27

#### **Die Algemene Christelike Kerk**

*Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van mense lyk asof dit tot niet gegaan het – soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.*

*Ps 46:6; Jer 31:36; Ps 102:14; Matt 28:20; 2 Sam 7:16; Luk 1:32; Ps 89:37; 110:4; Gen 22; Rom 11; 1 Kon 19:18; 2 Tim 2:19; Luk 17:21; Matt 11:25; Hand 4:32; Efes 4:4; 1 Pet 3:20; Gen 22:18; Matt 16:18; Jes 1:9; Rom 9:29; Joël 2:32; Hand 2:21.*

**Tema:** Die kerk is die Here s'n, Hy begin daarmee en Hy hou vol daarmee

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, om so aangespreek te word, mag miskien vir ons klink na die gebruikelike begin van elke preek. Maar wanneer ons aangespreek word as die geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, word daar inderdaad bely wie en wat die kerk is. Die kerk is die Here ons God se eiendom. Ons behoort aan die Here en nie aan die kerkraad of die sinode nie. Nie die predikant of ouderlinge of watter mens ook al is baas van of baas in die kerk nie. Jesus Christus alleen is Baas van die kerk, want Hy is ons Here wat *Eienaar* beteken.

Vanaf Artikel 1 tot 26 het ons bely wie ons God is in wie ons glo. Hy is die enigste, lewende God van hemel en aarde. Hy praat met ons in sy werke en woorde. In die skepping leer ons Hom ken as die Almagtige Skepper, Onderhouer en Regeerder. In sy Woord leer ons Hom nog beter ken, naamlik as Vader, Seun en Heilige Gees. In hierdie eerste 26 Artikels bely ons ook watter besondere en intieme werk ons Drie-enige God met ons, sy mense, gedoen het en steeds doen. Noudat ons bely het wie die God is in wie ons glo, gaan ons verder om te bely hoe ons as sy mense op hierdie aarde van Hom behoort te lewe. Maar voordat ons kan bely hoe ons behoort te lewe, bely ons eers wat die Here met sy mense doen sodat ons kan lewe soos wat Hy dit verwag. Daarom bely ons in Artikel 27 tot 32 dat ons glo aan die kerk wat aan die Here behoort.

Alhoewel die Nederlandse Geloofsbelydenis net deur die kerke met 'n gereformeerde agtergrond bely word, moet ons van die begin af weet dat ons hier in Artikel 27 nie van een spesifieke kerk op aarde praat nie. Ons bedoel nie die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika of die gereformeerde kerke oor die wêreld heen met wie ons noue verbintenisse het nie. Daarom moet ons baie seker weet dat ons nie hier die kerk bely soos wat ons dit met ons eie oë in hierdie stukkende wêreld raaksien nie. Nee, ons bely dat ons glo aan die kerk wat voor die aangesig van God bestaan. Net God alleen weet wie oor die hele wêreld heen se name in die boek van die lewe opgeskryf staan. As ons dan bely dat ons glo aan **'n enige katolieke of algemene kerk**, praat ons van hierdie mense wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is.

Al hierdie mense wie se name in die boek van die lewe staan, behoort nie almal net aan een kerklike gemeenskap nie. Hulle behoort nie almal net aan die gereformeerde kerke nie. As ons so sou gedink het, dan sou ons die Here Jesus se genade wou inperk tot die mense met wie ons gemaklik oor die weg kom. Dit sou ook daarop neerkom dat ons aan die Vader wil voorskryf, of ten minste bepaal, tot wie Hy sy liefde mag uitsprei. Nee, hierdie enige algemene kerk waaraan ons glo, **is oor die hele**

**aarde versprei en ver-strooi en nie gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie.** Daar is dus mense in die Metodistekerke, in die Baptistekerke, ja, selfs in die Roomse kerke en charismatiese of Pinksterkerke wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is.

In die verloop van die geskiedenis en selfs vandag gebeur dit nog steeds dat mense die kerk as die een of ander soort vereniging sien. Baie maal kan 'n mens uit mense se woorde aflei wat hulle onder die woord *kerk* verstaan. Woorde soos: *ek is lidmaat van hierdie of daardie kerk*, of *ek wil my bewys van lidmaatskap opvra, want ek gaan na 'n ander kerk toe*, verrai 'n mens se begrip oor die kerk. Ons is nie lidmate van 'n kerk nie. Ons is lidmate van Christus. Hy is ons Hoof en ons almal saam is sy liggaam. Daarom is ons lidmate **in** hierdie kerk en **nie van** hierdie kerk nie. Ons behoort tog nie aan die kerk nie maar aan Jesus Christus. Dit is ook net by 'n wêreldse vereniging waar jy lidmaatskap het, want jy betaal jou ledegeld om daaraan te behoort. In die kerk is daar nie iets soos lidmaatskap nie en ons kerklike bydrae, of eerder ons dankoffer, is nie ons ledegeld nie. Daarom kan ek nie uit die kerk bedank soos wat ek uit 'n tennisvereniging bedank nie. 'n Mens is 'n lidmaat van Christus of jy is nie 'n lidmaat van Christus nie.

Broers, susters en kinders, hieruit kan ons al aflei dat die kerk dus nie soos 'n vereniging kan ontstaan en voortbestaan nie. 'n Vereniging ontstaan omdat mense daaraan 'n behoefte het. Hulle wil graag die een of ander kultuuraktiwiteit beoefen en hulle wil dit graag georganiseer doen, daarom stig hulle 'n vereniging. Hierdie vereniging sal alleen kan bly voortbestaan so lank as wat die mense daaraan behoefte het en so lank as wat die lede van die vereniging hulle ledegeld betaal.

Maar kom ons luister hoe sê die Here self hoe die kerk ontstaan en voortbestaan. Die kerk van die Here is die mense **wat waarlik in Jesus Christus glo**. Hulle is diegene **wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees**. Maar hoe het dit gekom dat hierdie mense wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is in Jesus glo. Die Heilige Gees beskryf in Romeine 10 vir ons stapsgewys hoe dit kom dat mense in Jesus Christus glo.

Aangesien die Heilige Gees die geloof deur middel van die Woord van God in die hart van mense werk en onderhou, moet die mense aan wie God die ewige lewe wil gee die prediking van sy Woord hoor. Daarom bewerk God dit so dat mense wat reeds in diens van Jesus Christus is, omdat hulle reeds in Hom glo, die evangelie van Jesus Christus verkondig. Waarheen die Here ook al hierdie diensknegte van Hom se lewenspad buig en by die mense bring aan wie Hy die ewige lewe wil gee, verkondig hulle die evangelie van Jesus Christus.

Die Heilige Gees maak die mense wat deur God uitverkies is en aan wie die evangelie dan verkondig word ontvanklik vir die Woord van God. Die Gees maak hulle ore oop sodat hulle hierdie lewensbelangrike boodskap sal hoor, begryp en gehoorsaam daarop reageer. Met die aanhoor van die Woord bewerk die Heilige Gees dan die geloof in die harte van die uitverkore mense. Hierdie mense begin in Jesus Christus glo. Hulle weet verseker dat Jesus die Messias is wat deur die Vader belowe is en na hierdie wêreld gestuur is om hulle wat verlore is te soek en te red van die sonde. Hulle weet nie net dat Jesus die Christus is nie, hulle vertrou dat Hy immers ook vir hulle aan die kruis gesterf het om hulle van hulle sondes te verlos.

Hoe ontstaan die kerk van die Here dan? Die kerk ontstaan daar waar mense deur die kragtige werk van die Heilige Gees en die Woord van God waarlik in Christus begin glo. Hulle weet en vertrou dat hulle volle saligheid net in Jesus Christus is omdat Hy hulle met sy bloed gewas het en omdat die Heilige Gees hulle heilig maak en verseël as die eiendom van God. Die ontstaan van die kerk is deur en deur ons Drie-enige God se werk alleen. Daarom kan daar in die Bybel van die kerk geskryf word as *die volk van God* en *die liggaam van Christus* en *die tempel van die Heilige Gees*, want dit is die kerk. Die Heilige Gees maak van die uitverkore mense lidmate van Christus.

Broers, susters en kinders, alle mense wat waarlik in Christus glo, het op hierdie selfde manier lidmate van Christus geword. En alhoewel elkeen van die kinders van God vir Hom kosbaar is en Hy elkeen van hulle persoonlik ken, laat Hy hulle nie maar elkeen op hulle eie aangaan nie. Van die heel eerste mense af het die Here gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen moet wees nie. Daarmee het die Here nie net bedoel dat 'n man 'n vrou moet hê en 'n vrou 'n man moet hê nie. Daarmee het die Here ook bekend gemaak dat sy mense bymekaar hoort.

Trouens, wanneer die Here die gelowiges die volk van God noem, sê Hy al klaar dat die mense wat aan Hom behoort ook bymekaar hoort. Hulle almal het immers God as hulle Vader in gemeen. As die mense wat waarlik in Christus glo, liggaam van Christus genoem word, druk dit die hegte verbintenis tussen hierdie uitverkore mense uit. Die een lidmaat van Christus kan inderdaad nie sonder die ander lidmate van Christus bestaan nie. En as die kerk die tempel van die Heilige Gees genoem word, dui dit die heerlike eensgesindheid van die uitverkore mense aan. Hulle almal het een doel voor oë, naamlik om hulle God te verheerlik.

En om dan by die beeld aan te sluit wat Jesus hier in Johannes 10 gebruik: die lidmate van Christus hoort bymekaar soos wat skape bymekaar hoort. Toe Jesus hierdie beeld van die goeie herder op Homself van toepassing gemaak het, het Hy eers net oor die ware gelowiges onder die Jode gepraat as sy skape. Reeds in daardie dae het Jesus sy kerk bymekaargemaak. Onder die Jode was daar verskeie uitverkore mense aan wie God die ewige lewe wou gee. En waar Jesus ook al gepreek en gewerk het, het die Heilige Gees hierdie uitverkore mense van God ontvanklik gemaak vir die woorde van Jesus en ontvanklik gemaak vir Jesus self. Wanneer Jesus gepreek en gewerk het, het die uitverkore mense van God onder die Jode besef dat Jesus die Christus is en dat Hy die enigste toegang tot God is. Hulle het Jesus as die goeie herder herken en Hy het hulle geken, want die Vader het hulle aan Hom gegee om hulle te verlos.

Hulle het nie net vir Jesus herken nie, hulle het ook na sy stem geluister en Hom gevolg. Om Jesus te volg beteken egter meer as om net agter Hom aan te loop soos 'n skaap. Om Jesus te volg, hou ook in dat 'n mens Hom gehoorsaam en sy opdragte uitvoer. Dit is egter nie moeilik of swaar om Jesus te volg nie, want die skape weet Jesus is die goeie herder. Hy is nie maar 'n huurling wat by die eerste teken van gevaar die hasepad gaan kies en die skape aan hulle eie saligheid oorlaat nie. Hy gaan sy lewe op die spel plaas vir hulle, want hulle behoort aan Hom. Die Vader het hulle immers aan Hom gegee.

Jesus Christus het inderdaad sy lewe vir sy skape afgelê, nie omdat Judas Iskariot Hom verraaai het of omdat Pontius Pilatus Hom tot 'n kruisdood gevonnissen het of omdat die Jode Hom uit die weg wou ruim nie. Nee, uit sy eie het Hy sy lewe afgelê vir sy skape omdat Hy die volmag het om dit af te lê en die volmag het om sy lewe weer op te neem. Dit is wat 'n goeie herder immers doen. Hy beskerm sy skape met sy lewe. Sy lewe beskerm sy skape van die ewige dood, van die toorn van God en van die vloek wat die wet meebring het omdat die skape dit nie volmaak kon gehoorsaam nie.

Maar dit is nie net die Christenjode wat Jesus se skape is nie. Die mense onder die Jode wat waarlik in Christus glo, is maar van een van die baie krale van Jesus se skape. As Jesus dan sê dat Hy nog ander skape het wat nie van hierdie kraal is nie, bedoel Hy al die mense wat die Vader Hom uit al die ander baie volke, tale en nasies op die aarde gegee het. Alle mense onder al die volke wat waarlik in Jesus glo, word ook deur Hom, die goeie herder, gelei. En almal wat waarlik in Christus glo, luister na sy stem en volg Hom.

Geliefdes, die grense van die kerk van die Here word dus nie deur mense nie, selfs nie eers deur die kerk self, bepaal nie. Waar die kerk self mure opgerig het, was en is dit net chaos. Hoe sal ons mense in elk geval kan weet wie almal se name in die boek van die lewe opgeskryf staan. Waar ons

mense mure oprig, kamp ons nie net die kudde van die Here in nie. Baie maal kamp ons wolwe saam met die kudde van die Here in en veroor-saak so skade aan die kerk van die Here. Of as ons mure oprig, sluit ons baie maal skape uit die kraal uit wie se name ook in die boek van die lewe opgeskryf staan. Nee, die grense van die kerk word deur die Here self bepaal. Jesus Christus is die grens van die kerk.

Hy noem Homself ook die ingang vir die skape. Net deur Hom kan daar ingegaan word tot die ewige lewe. Net deur by Hom in te gaan kan die skape weiding kry sodat hulle die lewe in oorfloed kan hê. Dus, net daar waar Jesus Christus verkondig word en wel daar waar Hy as die gekruisigde verkondig word, daar trek die Here die grens van sy kerk. Ook anders gesê, net daar waar in Jesus Christus geglo en net waar die mense hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag, is die kerk van die Here.

Dit kom dus daarop neer, geliefdes, maak nie saak watter taal die mense praat nie, maak ook nie saak in watter wêrelddeel hulle bly of in watter tyd hulle geleef het of watter kleur vel hulle het of hoe hulle hare lyk nie, daar waar mense waarlik in Christus glo, daar is die kerk van die Here. En so lank as wat die Heilige Gees die geloof in die harte van hierdie mense voed met die evangelie van Christus, so lank sal die kerk van die Here ook voortbestaan. Trouens, Jesus belooft dit self, niemand sal diegene wat aan Hom behoort uit sy hand of uit die hand van sy Vader ruk nie. Al lyk die kerk soms in die oë van mense baie klein en onbeduidend, hang die voortbestaan van die kerk nie af van die krag en getrouheid van die mense wat in Christus glo nie. Dit hang alleen van God af. Hy bewaar die kerk van sy Seun, want hulle is sy kinders.

Nou kan 'n mens jousef waar ook al in die wêreld bevind. Waar daar waarlik in Jesus Christus geglo word, sal die gelowige hom tuis voel, want dieselfde Gees van Christus wat in jou werk, is ook in daardie kinders van God aan die werk. Hy voeg die kerk van die Here saam en verenig dit sodat al die kinders van God een van hart en wil is deur dieselfde geloof in die een Here Jesus Christus. Die kerk is die Here se eiendom, Hy het daarmee begin en Hy hou daarmee vol tot aan die einde van die dae.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 87:1, 4, 5 (p. 438)

- 1 Hoe grondvas staan Jerusalem se walle, / Gods ewige bergwerk wat nie skok of skud!  
Bo al die Jakobswonings, huis of hut, / het God aan Sions poorte<sup>o</sup>n welgevalle.
- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.  
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Die en die is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;  
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
7 April 2013